



24 Mei 2024

Uitgawe: 8/2/2024

### UIT DIE KANTOOR

Ek is vandag werklik trots op ons Tjokkie-leerders wat hierdie week geskitter het. Nie net het ons Seniorskoor goud verwerf tydens Maandagaand se ATKV Applous kompetisie nie, maar het Tjokkies ook ons aardsvyand, Willem Postma behoorlik laat les opsê op die rugbyveld en netbalbane. Dit was nogal 'n weg wedstryd vir Tjokkies. Dit was baie lekker om langs die velde te staan en te sien dat elke kind "NET SY BESTE" gegee het en die belangrikste dat hulle dit geniet het.

Baie geluk aan die o/12A netbalspan wat gekwalifiseer het vir uitspele wat vandag by Eunice plaasvind. Ons hou duime vas dat hul kan deurgaen na die volgende rondte.

Dinsdag se wedstryde was die laaste wedstryde van die seisoen asook die laaste rondte van die Wesgrow Sportkompetisie. Harde werk in die voorseisoen het definitief vrugte afgewerp. Ek is dan trots om aan te kondig dat Tjokkies die eerste plek verower het as weners van die **Wesgrow-kompetisie se rugby afdeling.**

Tjokkies se netbal eindig 4de in die kompetisie. Wanneer die rugby en netbal gekombineer word eindig Tjokkies algeheel 3de in die kompetisie, met 'n enkele punt na Willem Postma. Die enigste rede daarvoor is dat Tjokkies nie in alle ouderdomsgroepe D-spanne op die baan kon plaas in die netbalafdeling nie weens 'n tekort aan getalle. Ons gaan dus hard werk in 2025 om vol spanne in elke ouderdom in te skryf.

Ek bedank elke ondersteuner, afrigter en speler vir harde werk wat alreeds in November 2023 begin het. Volgende jaar mik ons hoër.

#### **Tjokkie Hokkie Sokkie:**

Verlede Vrydagaand het die Tjokkie-ouers bietjie lekker litte kom swaai. Baie dankie aan die Hokkiekomitee en ouers vir die reël van hierdie lekker geleentheid. Dit was 'n fondsinsamelingsprojek van die hokkie-ouers om te help om die kostes van die komende toer te help verlig.

Baie dankie vir almal wat hierdie inisiatief ondersteun het.

Hiermee gesê skop die hokkieseisoen volgende week af met 'n massa-oefening asook proewe vir die onderskeie ouderdomsgroepe. Ouers het reeds die inligtingsbrief ontvang waarop al die noodsaaklike inligting verskyn.

Ouers word ook uitgenooi na 'n hokkie-inligtingsvergadering wat sal plaasvind op **Dinsdag, 28 Mei** in die auditorium (saal word gebruik vir die verkiesing)

Let asb. daarop dat die vergadering in twee tydgleuwe verdeel is nl.:

**Graad 1 - 3 ouers 17:00 - 18:00**

**Graad 4 - 7 ouers 18:00 - 19:00**

### **Akademie:**

Buiten al die buitemuurse bedrywighede moet daar steeds gefokus word op die akademie.

Gr.4-7 leerders ontvang vandag die afbakening vir hul eksamen. Maak asb. seker dat u kind dit wel ontvang het. Die eksamenrooster is reeds verlede week uitgegee.

Let daarop dat die eksamen op 3 Junie begin.

### **Eksamentye:**

Eksamensessie 1: 07:30 - 09:30

Pouse 09:30 - 10:00

Eksamensessie 2: 10:00 - 12:00

Skool verdaag 12:00

## **ANDER**

Vind aangeheg die finale uitslae van die Wesgrow kompetisie.

## **BELANGRIKE DATUMS**

- |          |   |
|----------|---|
| 24 Mei.: | Netbal uitspele   |
| 25 Mei.: | Voortrekker Spesialisasiedag<br>Pom-Pom optredes (Dr. Visser Skool en BFN-Wes Gemeente) |
| 26 Mei.: | Voortrekkers Kerkparade   |
| 27 Mei.: | Beheerliggaam vergadering   |
| 28 Mei.: | Hokkie inligtingsvergadering  |
| 29 Mei.: | Verkiesing - geen skool   |
| 31 Mei.: | GSF Entrepreneursdag  |



## VERJAARSDAE

29 Mei: Juf. Sulene Venter (Gr. 1)

## REDENAARS



**GR.4 & 5  
REDENAARS**

**GR.4 WENNERS**  
1STE PLEK: ZHARETH CLAASSEN  
2DE PLEK: GEHAN VIVIERS  
3DE PLEK: ANDREAS ROSSOUW

**GR.5 WENNERS**  
1STE PLEK: MARTIN DEYSEL  
2DE PLEK: BEATE TERREBLANCHE  
3DE PLEK: ZETSKE VELDTMAN

## KAALVOETKAFEE



**Kaalvoet  
Kafee**

Kaalvoetkafee (Vicky of Geolène):

082 612 7756

E-posadres:

[kaalvoetkafee@tjokkies.co.za](mailto:kaalvoetkafee@tjokkies.co.za)

## UIT DIE BEMARKINGSKANTOOR

Alle Pappas, oupas, ooms en vriende van Tjokkies - Moenie hierdie lekker fondsinsamelingsgeleentheid mis nie.

Om te bespreek, te betaal en enige navrae, kontak Suzane



UNIVERSITAS  
NET MY BESTE

☆☆☆  
**KNIPMES  
BRAAI**  
☆☆☆

**24 AUG 2024**

**17:30 VIR 18:00 | TJOKKIES GRASPERK | R350pp**

★ **KURKFOOI PER** R500 vir die met 2 handvatsels  
**KOELERBOKS:** R300 vir die met een handvat

**KOM KUIER SAAM OM VREUGDEVURE,  
LEKKER MUSIEK EN IETSIE OP DIE SPIT**

**FONDSE VIR ONTWIKKELING VAN NUWE SPORTGRONDE**

VIR BESPREKINGS KONTAK SUZANE 079 622 7535  
BEMARKER@TJOKKIES.CO.ZA

# KLEUTERSKOOL

Kleuterskool bedank graag hul borge van die gholfdag! Ondersteun hulle gerus ook.

## Tjokkies-ITEC Gholfdag 2024

Preprimêre Skool

*Baie dankie aan ons borge - ondersteun hulle gerus.*

### Borge

ITEC  
CORE Bloemfontein  
Delta Bottle Store  
Go Solr  
Goldco Spares  
Itau Milling & Stoneys  
Jeep Bloemfontein  
KIA Bloemfontein  
National and Overseas  
Sanitech  
Senforce Security  
Storage Concepts  
NTT Suzuki  
TBS Brokers  
The Fishing Box  
Volvo Bloemfontein  
Wisemangroup

### Pryse

C & F Motor Spares  
Cobus Labuschagne  
Consyl Taxes  
Delta Gas  
Dixon Premium Batteries  
Emergency Lighting Solutions  
Free State Meat Wholesalers  
G & G Varminting  
Harcourts Fusion  
Hugo Bakker  
Jacques en Zedré Matthysen  
Klein Begin  
Langenhovenpark Dental  
Mazars  
MTN  
Oilflow Lubricants  
Pam Golding Properties  
Remax (Lorraine de Jongh)  
River View Farm  
Ruan Pienaar  
Surina Ferreira (Seeff Eiendomme)  
Tjokkie-ouers  
Viral Solutions  
Waldorf Flowers  
Yolandi du Toit  
ZKTeco South Africa



## **Geskenkbewyse**

Allan Robb Manufacturing Jewellers  
Beauty @ Ellen  
Bella Vista Equestrian Centre  
Bester Butchery  
Boet & Sus Gift Shop  
Copper Clover  
Ella-mart co  
Engen Curielaan  
Goedehoop Game Farm  
Just Bounce Jumping Castles  
Kandirri Game Lodge  
REMAX  
Roman's Pizza  
Swem Hartjies  
Tjokkie-ouers  
Tsepe Game Services  
Wiseman Group

## **Donasies**

Bloem Sound & Lights  
Boet en Sus  
Consyl Taxes  
Ferreira Konstruksie  
Hancor  
(JF) Jaco van der Westhuizen  
Jacques en Zedré Matthysen  
Make-a-Price  
Rainbow water  
Remax - Johann Massyn  
Shaun & Miranda Gerber  
Stadium Fast Foods  
Tjokkie-ouers

## **TORINGBORG (Halfway)**

4x R100 Suzanne Rossow  
Marthani Martins  
Cara Nortier  
Metro Real Estate  
1x R200 Tjokkie-ouer  
3x R250 Karla Dettmer  
Chantel Grootboom  
Anele Coetzee  
3x R500 Marie Bester  
Just Bounce Jumping Castles  
Pretty Gardens Kleuterskool  
1x R1000 Outsurance Korttermyn  
Makelaar  
1x R1500 Tjokkie-ouer  
1x R2000 Monique Pienaar  
1x R2000 Jacobs Boucher Attorneys  
1x R2000 CPA Solutions  
1x R3000 Anien van Jaarsveld

## **Goodie bags**

Renew Irrigation  
FBI Chef School - BFN  
Food & Beverage Institute  
Gro for it - StaminoGro  
Just Nails  
Langenhovenpark Dental  
Ninim Designs  
Pikkieland Dagsorg  
Rainbow water  
Viral Solutions